

Verseok vir Kwotasies: Kafeteria en Snoepwinkel Dienste by die Afrikaanse Hoër Seunskool

1. Agtergrond

Die Afrikaanse Hoër Seunskool (**die Skool**) is van voorneme om die redelike gebruik van die Skool se kafeteria (1920) en snoepwinkel (Appelkas) fasiliteite aan 'n onafhanklike diensverskaffer beskikbaar te stel. Goedere en dienste sal volledig deur die operateur verskaf word en die operateur neem die volle verantwoordelikheid vir alle risiko's insluitend winste of verliese, voorraad, kontanthering en alle operasionele kostes van beide die snoepwinkel en kafeteria.

Die toekenning aan 'n operateur is onderworpe aan 'n skriftelike ooreenkoms wat tussen the Skool en die verkose verskaffer gesluit word.

2. Kwotasie Vereistes

- Die verskaffing van 'n alles omvattende snoepwinkel en kafeteria wat gesonde en gebalanseerde etes, verversings, snoeperye, gehalte koffie en ander items van hoogstaande gehalte op 'n daaglikse basis aan ons leerders, ouers, personeel en besoekers verskaf.
- Gevestigde geboue met 'n volledig toegeruste kafeteria en snoepwinkel.
- Mobiele verkooppunte op die res van die terrein.

3. Adres

Die Afrikaanse Hoër Seunskool, Lynnwoodweg 1, Clydesdale, Pretoria, 0002

4. Termyn

- Drie jaar met eerste reg van weiering vir die daaropvolgende drie jaar termyn onderworpe aan aanvaarbare uitvoer van die dienste.

5. Diensure

- Ten minste Maandae tot Donderdae 06H30-17H30, Vrydae 06H30-14H30 gedurende skoolkwartale.
- Tydens bepaalde geleenthede soos deur die skool versoek, bv. sportdae, kultuurgeleenthede, oueraande e.d.m.
- Bepaalde beperkinge kan op handeldure geplaas word bv. Tydens die skool se amptelike fondsinsamelingsdag en entrepreneursdag. Welke dae met die operateur vooraf onderhandel sal word.
- Maandae tot Donderdae 19H30-20H30 vir koshuisleerders of 'n alternatiewe voorstel ten einde koshuisleerders in daardie tye van snoeperye en ligte etes te bedien.

6. Vereistes vir aansoek

- Geskrewe kwotasie wat die voorgestelde dienste en basis van prysbepaling uiteensit.
- Bewese rekord van minimum 5 jaar in die restaurant en spysenieringsbedryf.

- Voltydse bestuurder vir bemanning van fasiliteit wat in diens is van die regsentiteit wat aansoek doen.
- Bedryfskapitaal van minstens R200 000 met stawende bankstate.
- 'n Kontantlose betaalstelsel moet met aanvangsdatum geïmplementeer word.

7. Besikbaarstelling van Perseel/e

- Die kafeteria en snoepwinkel fasiliteite sal vir 'n bedrag van R1 per jaar aan die operateur beskikbaar gestel word.
- Die operateur is verantwoordelik vir die betaling van die elektrisiteitsverbruik van die kafeteria en snoepwinkel.

8. Pryse en Spyskaart

- Die oogmerk van die Skool is om 'n model te implementeer waar 'n hoë gehalte diens aan die Affie gemeenskap gelewer word terwyl die operateur wat die kafeteria en die snoepie bedryf 'n lewensvatbare besigheid kan bedryf.
- Daar sal van die operateur verwag word om alle items te verkoop teen pryse wat laer is as markwaarde vir soortgelyke items.
- Die Skool sal meganismes implementeer wat daarop gemik is om die spyskaart in samewerking met die operateur van tyd tot tyd te hersien en te vernuwe.

9. Sluitingsdatum

7 Junie 2019

10. Aanvangsdatum

8 Julie 2019

11. Kontakbesonderhede

012-344 3805

12. Skriftelike navrae

affies@affies.co.za